

Maandelikse gemeentebrief Junie 2018

VERHOUDINGS

Ons staan almal in hoofsaaklik drie verhoudings, naamlik jou verhouding met God, jou verhouding met die wêreld en jou verhouding met jousef. Toe ek op universiteit was is daar in die Teologieklas baie klem gelê op die verhouding met God en in Sosiologie, Sielkunde en Maatskaplike Werk baie op die verhouding met die wêreld, wat al die verhoudings soos seksuele verhoudings, jou verhoudings by die werk, jou verhouding tot kos, jou omgewing, jou familie en geld insluit, maar baie minder klem is gelê op die verhouding met jousef.

Die verhoudings is almal in wisselwerking met mekaar, maar indien jou verhouding met jousef sleg is, verg dit 'n ongelooflike klomp energie om al die ander verhoudings in stand te hou en self staande te bly.

'n Persoon sê nou die dag tydens 'n terapieessie vir my dat sy nie meer weet wie sy is en wat sy vir haarself wil hê nie. Haar lewe bestaan net uit wat die werk, haar man, die kinders en die familie van haar wil hê. Sy het geen drome of belangstellings meer oor nie en veg net daaglik om oorlewing. Daar is nie tyd om oor 'n kind wat sy verloor het te rou en aandag te gee aan die invloed wat dit op haar huwelik het nie. Dit is amper 'n situasie van "don't rock the boat" want as sy dít doen val die hele bootjie dalk om.

Dit bring my by die vraag: Hoe lyk jou verhouding met jousef? En hoe raak dit ander om jou?

- Pas jou masker van selfbehoud so stewig dat jy daaglik oorleef maar daar geen plek vir jousef en ander na aan jou is nie?
- Voel jy so klein dat jy dink daar is nie vir jou plek in die samelewing en dat jy geen bydrae kan maak en daar nie plek, belangstelling of tyd is vir jou persoonlike groei nie?
- Is jou beeld so vol van jousef dat jy ander minderwaardig laat voel? Wat is die rede dat hierdie eiewaarde verwar word met eiewaardigheid?
- Of is jou verhouding met jousef gesond? Indien wel, koester en voed dit sodat dit kan groei en ander ook daardeur verryk kan word.

Ek sluit ook aan by die sielkundige Stefan Blom wat in sy boek "Die waarheid oor verhoudings" die volgende skryf:

- Praat mooi met ander en met jousef
- Wees gesond lief vir jousef
- Maak tyd en plek vir jousef en
- Jou konneksie met ander hang af van jou konneksie met jousef.

Dus nooi ek jou uit om weer oor verhoudings en veral die verhouding met jousef na te dink en waar nodig aandag daaraan te gee.

Ek sluit af met 'n gedeelte van 'n gedig van Ernest Hemingway wat Ds Kobus na 'n vergadering gebring het, naamlik "Genees my Here":

*Hou my in voeling met myself
My behoeftes, my kwaaiheid, my pyne en foute
Dat ek hulle as my eie kan aanvaar en hulle nie op iemand anders blameer nie
Here, transformeer my wonde in wysheid*

*My swakhede in meegevoel, my skuldgevoelens in openheid
My vrese in vertroue, my beskuldigende vinger na 'n helpende hand
Herenig my hart en wil en doen, om by U te wees soos U by my.*

Alda Boer
Direkteur Versorging